# TB: DIE FEITE WAT ONS ALMAL MOET WEET!

Julie 2023

Think TB • Know TB • End TB

## Wat is TB?

TB (Tuberkulose) is 'n siekte wat deur TB bakterieë versoorsaak word.



## Is TB 'n algemene siekte?

Ja, dit is! In Suid Afrika:

- Meer as 300,000 mense ontwikkel elke jaar TB.
- Meer as 50,000 mense sterf elke jaar aan TB.

Dis hoekom almal in Suid Afrika van TB moet weet!

Die goeie nuus**:** TB is 'n siekte wat mens kan VOORKOM en GENEES!



## Hoe kry mens 'n TB?

- TB versprei deur die lug, soos Covid.
- TB bakterieë versprei deur die lug wanneer iemand wat TB het hoes, praat, nies of selfs sing.



- Enige iemand naby 'n persoon met TB kan dan die TB bakterieë inasem.
- As 'n persoon TB het en die behandeling reg gebruik, sal dit die TB bakterieë doodmaak. Hulle sal dan nie ander mense kan besmet nie.

## Wie kan TB kry? ENIGE EEN! Maar sommige mense is meer geneig om dit te kry, soos:



- Noue kontakpersone van mense met TB, veral kinders onder 5 jaar.
- Mense wat lewe met kroniese siektes wat 'n mens se immuun sisteem verswak, soos suikersiekte, MIV en kanker.
- Mense wat werk of bly in plekke waar baie mense TB het soos, gesondheidsklinieke, tronke of myne.

## Wie is 'n noue kontak van 'n persoon met TB?


### Dit is enige een wat baie tyd saam met iemand spandeer wat TB het, byvoorbeeld:

- Bly in dieselfde huis.
- Spandeer baie tyd saam (kuier vir 'n lank tyd of slaap oor).
- Deel gereeld vervoer.
- Werk kollegas wat na aan mekaar sit of werk.
- Woon dieselfde skool of klasse by en sit naby mekaar.



## Hoe weet jy of jy dalk TB het?

Algemene simptome is:



Koors | Hoes | Gewigverlies | Moegheid | Nagsweet

**Maar baie mense wat TB het, het geen simptome nie.**

**Bel die hulplyn 0800 012 322 as jy advies nodig het oor TB of MIV**

**Beskerm jouself teen TB: Tik "TBcheck" in WhatsApp na 0600123456 or dial *134*832*5# (gratis diens)**

SKANDEER QR KODE

+27 (0)12 943 5192

www.tbproof.org

@tbproof



Sommige mense glo dat net "sekere mense TB kan kry".

**Maar die waarheid is, dat enige een wat asemhaal TB kan kry!**

## Tipe TB:

**TB in die longe = Pulmonêre TB:**
Die TB affekteer een of albei longe. Dit is die algemeenste TB.

**TB buite die longe= Ekstra Pulmonêre TB:**
Die TB affekteer ander liggaamsdele soos die vel, kliere, been, gewrigte, maag en brein (TB Menigitis). Dit kan moeiliker wees om te diagnoseer.

## Aktiewe TB

Die TB is aktief (wakker) – gewoonlik wanneer die immuunstelsel swak is.

Die persoon sal gewoonlik siek voel met die TB-simptome, maar sommige mense het glad nie simptome nie.

## Latente TB

Latente beteken "slaapende".

Die TB-bakterieë is in 'n persoon se liggaam, maar hul immuunstelsel kan die TB onder beheer hou. Die persoon voel nie siek nie en sal gewoonlik nie ander mense besmet nie.

## Wat moet jy doen as jy dink jy het dalk TB?

- Gaan na jou plaaslike kliniek om vir TB te toets.
- Jy sal gevra word om sputum (slym) op te hoes. Dit sal dan na die laboratorium gestuur word vir 'n TB-toets.
- Jy sal dalk 'n borskas X-straal moet laat doen.
- Jy kan gevra word om jou uriene te laat toets.

## Waar word mense met TB behandel?

- Die meeste mense wat TB het, word by klinieke behandel en nie hospitale nie.
- Dit is net mense met TB wat erinstig siek is wat dalk hospitaal toe moet gaan en dan sodra hulle beter voel, kan hullle hul TB-behandeling by 'n kliniek kry.
- Nie alle privaat dokters kan TB behandel nie.

## TB Behandeling:

- Vir die meeste mense moet TB-behandeling elke dag vir 6 maande geneem word.
- Sommige mense sal dalk langer TB-behandeling moet neem.

## WAT KAN JY DOEN AS JY OF 'N GELIEDFE TB HET?

- As jy of 'n geliefde dalk TB het of TPT benodig, gaan asseblief na jou naaste kliniek vir 'n ondersoek.
- Hoe gouer 'n persoon met TB met behandeling begin, hoe beter.
- TB-medisyne verminder die hoeveelheid TB in die liggaam wat na ander versprei kan word, en genees die TB.
- As jy TB het, maak seker jy voltooi jou 6 maandelikse  behandeling. Dit is baie belangrik!
- Mense wat TB het, **benodig liefde, sorg en ondersteuning van hul familie, vriende, bure en kollegas** om hul behandeling te voltooi en die verspreiding van TB te verminder.

## Wat is TB Voorkomende Behandeling (TPT)?

TPT is medikasie wat kan verhoed dat TB "ontwaak" (Latente TB) en 'n persoon siek maak (Aktiewe TB).

## Wie moet TPT neem?

TPT moet geneem word deur alle noue kontakpersone van iemand wat TB het, en deur mense wat as "Hoërisikogroepe" geklassifiseer is, insluitend mense wat MIV het en mense wat TB gehad het.

## Wat moet noue kontakte van 'n persoon met TB doen?

- Gaan na jou naaste kliniek vir 'n ondersoek.
- Jy moet vir aktiewe TB getoets word.
- As jy aktiewe TB het, sal jy TB-behandeling kry.
- As jy nie aktiewe TB het nie, moet jy TPT-medikasie vir 'n paar maande neem.

## Hoe is TB en MIV gekoppel?

- Mense met MIV is meer geneig om siek te word van TB.
- Almal wie positief toets vir MIV moet ook vir TB getoets word.
- Mense wat met TB gediagnoseer word, sal 'n MIV-toets aangebied word.
- **MAAR dit beteken nie dat iemand wat met TB gediagnoseer is, MIV het nie!**

## Hoe kan TB vermy word?

Hoes in jou elmboog.

Maak die vensters oop by die huis, skool en werk plek.

Dra 'n masker in die taxi, by die skool of werk as jy hoes.

Vat TPT as jy in noue kontak was met iemand wat TB het.

**Bel die hulplyn 0800 012 322 as jy advies nodig het oor TB of MIV**

**Beskerm jouself teen TB: Tik "TBcheck" in WhatsApp na 0600123456 or dial *134*832*5# (gratis diens)**

SKANDEER QR KODE

+27 (0)12 943 5192

www.tbproof.org

@tbproof

